



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION



# **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2022**

**EKONOMIE V1**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:  
AFDELING A: VERPLIGTEND  
AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae  
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae
2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste nommer oorskry, sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****30 PUNTE – 20 MINUTE****VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Nasionale inkomste sal toeneem wanneer ...

- A  $I + G + X = S + T + M.$
- B  $I + G + X > S + T + M.$
- C  $I + G + X < S + T + M.$
- D  $I + G + X - S + T + M.$

1.1.2 Die tipe sakesiklus wat veroorsaak word deur veranderinge in netto beleggings deur die regering en besighede word ... genoem.

- A Kondratieff
- B besigheid
- C Jugler
- D Kitchen

1.1.3 Die kenmerk van mislukking in die openbare sektor waar die regering inflasie- en groeiteikens mis, hou met ... verband.

- A oneffektief
- B die Pareto-doeltreffendheid
- C ondoeltreffendheid
- D burokrasie

1.1.4 'n Styging in uitvoerpryse toon 'n ... in terme van handel van 'n land.

- A verbetering
- B agteruitgang
- C balans
- D onewewig

1.1.5 'n Maatreël om die aanbodkantbenadering te stimuleer is die ...

- A monetêre beleid.
- B inflasie-teikening.
- C fiskale maatreëls.
- D koste om besigheid te doen.

1.1.6 'n Beste internasionale praktyk kriteria wat daarop fokus om te verseker dat die voordele van een streek oorspoel na ander nywerhede en gebiede is ...

- A goeie bestuur.
- B integrasie.
- C die voorsiening van hulpbronne.
- D vennootskappe.

1.1.7 Die kategorie geldvoorraad wat bestaan uit note en munte in omloop en aanvraagdeposito's van die binnelandse private sektor by banke is ...

- A M2.
- B M3.
- C M1.
- D M3+

1.1.8 'n Handelsprotokol waar lidlande die vrye beweging van produksiefaktore tussen lidlande toelaat, is die (n) ...

- A ekonomiese unie.
- B doeane-unie.
- C vryhandelsgebied.
- D gemeenskaplike mark.

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Vermenigvuldiger	A herverdeling van inkomste en rykdom
1.2.2 Eksogene benadering	B waarde van geldeenhede wat deur markkragte bepaal word
1.2.3 Beheerde wisselkoerse	C regstellingsprogram as gevolg van diskriminerende wette in die verlede
1.2.4 Ekonomiese billikheid	D 'n klein aanvanklike toename in besteding produseer 'n proporsioneel groter toename in totale nasionale inkomste
1.2.5 Embargo	E geniet aansporings soos belastingverligting en ondersteuningstelsels om nywerheidsontwikkeling te bevorder.
1.2.6 Grondrestitusie	F onafhanklike faktore wat sakesiklusse beïnvloed en buite die ekonomie ontstaan
1.2.7 Spesiale ekonomiese sones	G stelsel wat die waarde van geldeenhede toelaat om op markkragte te reageer met sentrale bankintervensies
1.2.8 Wêreldbank	H 'n amptelike staatsverbod op handel met 'n bepaalde land
	I 'n internasionale instelling wat gestig is om ekonomiese herstel en ontwikkeling te bevorder

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.
- 1.3.1 'n Voorstelling van die ekonomie wat wys hoe die ekonomiese deelnemers met mekaar omgaan
- 1.3.2 Goedere verskaf deur die staat wat ondervoorsien sou word as dit heeltemal aan markkragte oorgelaat word
- 1.3.3 'n Doelbewuste afname in die waarde van 'n land se geldeenheid in vergelyking met 'n ander
- 1.3.4 'n Toename in 'n land se reële bruto binnelandse produk
- 1.3.5 Arbeidsmag tussen die ouderdomme van 15 en 65 wat bereid en in staat is om arbeid te verskaf vir die produksie van goedere en dienste
- 1.3.6 'n Landstreek wat 'n deurgang vorm wat toegang van een gebied na 'n ander toelaat (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


**AFDELING B****VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van die fiskale beleid. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe sal 'n positiewe vermenigvuldigingseffek die ekonomie beïnvloed? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit <https://ecoaim.in/2020/07/12/how-disequilibrium-can-be-corrected/>.  
Toegang op 21 November 2021 verkry.]

2.2.1 Watter letter verteenwoordig invoere in die data hierbo? (1)

2.2.2 Watter internasionale instelling kan lande met fondse help om fundamentele tekort reg te stel? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *betalingsbalans*. (2)

2.2.4 Verduidelik die verband tussen die wisselkoers van 'n land en sy betalingsbalans. (2)

2.2.5 Waarom is dit belangrik om 'n land se betalingsbalansdata te ontleed? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE STELSEL VAN NASIONALE REKENINGE, HERBASERING EN  
MAATSTAFKRITERIA**

Alle lande produseer hul makro-ekonomiese statistieke deur 'n reeks internasionale riglyne te gebruik. Die internasionale goudstandaard vir die samestelling van nasionale rekeninge is die Stelsel van Nasionale Rekeninge, 2008 (SNR 2008).

Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) saam met die SARB het die land se bruto binnelandse produk (BBP) herbaseer (nuwe basisjaar) en nuwe maatstawwe toegeken. BBP is die bekendste en algemeenste kenmerk van die nasionale rekeninge.

[Aangepas uit [www.statssa.gov.za](http://www.statssa.gov.za). Toegang op 15 Desember 2021 verkry.]

- |       |  |             |
|-------|--|-------------|
| 2.3.1 | Noem enige EEN metode om die bruto binnelandse produk te bereken.  | (1)         |
| 2.3.2 | Wat word op produkte in ag geneem wanneer basiese pryse na markpryse omgeskakel word?  | (1)         |
| 2.3.3 | Beskryf kortliks die term <i>bruto binnelandse produk</i> .  | (2)         |
| 2.3.4 | Hoe kan ekonome die akkuraatheid van BBP-syfers verseker?  | (2)         |
| 2.3.5 | Waarom is reële BBP 'n voorkeurmaatstaf van ekonomiese groei eerder as nominale BBP?   | (2 x 2) (4) |
| 2.4   | Verduidelik met behulp van 'n goed-gemerkte Laffer-kurwe die verband tussen 'n belastingkoersverhoging en die effek daarvan op staatsinkomste. | (8)         |
| 2.5   | Hoe bevoordeel finansiële markte die ekonomie?   | (4 x 2) (8) |
|       |  | <b>[40]</b> |


**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES****40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE dienste wat as sosiale aanwysers beskou word. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe verbeter Spesiale Ekonomiese Sones nywerheidsontwikkeling? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

[Aangepas uit <https://oec.world>. Toegang op 13 Oktober 2021 verkry.]

3.2.1 Noem enige EEN van Suid-Afrika se top-uitvoerprodukte. (1)

3.2.2 Watter internasionale organisasie reguleer tans vrye handel tussen lande? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *uitvoerbevordering*. (2)

3.2.4 Verduidelik 'n rede waarom die regering uitvoerbevoordring ondersteun. (2)

3.2.5 Hoe dra vryhandel tot verbeterde ekonomiese groei by? (2 x 2) (4)



3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### **R50 BILJOEN IN NUWE SUID-AFRIKAANSE BELEGGINGS**

Die nuwe beleggings van R50 miljard wat deur Franse maatskappye in Suid-Afrika aangekondig is, volg op 'n belegging van R20 miljard in 2019. Die verskillende sektore wat daarby sal baat vind sluit vervaardiging en die landbou-industrie in.

Die twee lande het ooreengekom om saam te werk om investering te bevorder wat nywerheidsontwikkeling ondersteun.

Behoorlike sakevriendelike beleide wat hawedoeltreffendheid insluit, sal die posisie van Suid-Afrika as die beleggingsentrum op die Afrika-vasteland verder versterk.

[Aangepas uit [engineeringnews.co.za](http://engineeringnews.co.za). Toegang op 26 Augustus 2021 verkry.]

- 3.3.1 Noem enige EEN nywerheidsontwikkelingsbeleid in Suid-Afrika. (1)
- 3.3.2 Watter finansiële aansporing word gebruik om besighede te lok om in die Nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e) te werk? (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die term *industriële ontwikkeling*. (2)
- 3.3.4 Verduidelik die belangrikheid van nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika. (2)
- 3.3.5 Hoe sal streeksontwikkeling in Suid-Afrika die hele Afrika bevoordeel? (2 x 2) (4)
- 3.4 Onderskei tussen *produksie (produsent)-prysindeks* en *verbruikers-prysindeks* as ekonomiese aanwysers. (8)
- 3.5 Hoe kan die regering werkloosheid in die ekonomie verminder? (4 x 2) (8)
- [40]**


**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES****40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE hoof-items wat gebruik word om 'n handelsbalans te bereken. (2 x 1) (2)

4.1.2 Watter effek het subsidies op produksie op bruto toegevoegde waarde? (2 x 1) (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Identifiseer 'n bron van staatsinkomste uit die data hierbo. (1)


4.2.2 Watter persentasie van openbare skuld tot nominale BBP word as die algemene skuldreël aanvaar? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *begroting*. (2)

4.2.4 Wat is die doel van die mediumtermynbegrotings-beleidsverklaring (MTBBV)? (2)

4.2.5 Hoe kan die regering sy inkomste verhoog? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



### VERSTEDELIKING

Suid-Afrika verstedelik baie vinnig: Daar word beraam dat agt uit 10 mense teen 2050 in stedelike gebiede sal woon en dit sal die vraag na basiese infrastruktuur-vereistes verhoog.

[Aangepas uit <https://pmg.org.za/page/Urbanisation> en Google images. Toegang op 05 April 2022 verkry.]

- 4.3.1 Noem EEN rede vir die toename in verstedeliking in Suid-Afrika. (1)
- 4.3.2 Watter sosio-ekonomiese kwessie kan as gevolg van onbeplande verstedeliking ontstaan? (1)
- 4.3.3 Beskryf kortliks die term *verstedeliking*. (2)
- 4.3.4 Verduidelik die negatiewe effek van vinnige verstedeliking op die omgewing. (2)
- 4.3.5 Hoe kan die regering die probleem van onbeplande verstedeliking verminder? (2 x 2) (4)
- 4.4 Bespreek massa produksie en doeltreffendheid as gevolge van internasionale handel. (8)
- 4.5 Verduidelik die uitdagings in die implementering van 'n beskermingsbeleid. (4 x 2) (8)

[40]

**TOTAAL AFDELING B: 80**

